NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 15 – Uitgawe 10
7 April 2022

# Gaan heen in vrede, word warm...

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Terwyl ek besig was met my studies in Ou Testamentiese Wetenskap, sit ek op 'n dag in prof Andries Breytenbach se kantoor. *Wat is die verskil tussen geloof en ideologie?* vra hy vir my. Hy het my so 'n minuut of twee gelos om te gorrel oor hierdie onvoorbereide vraag, waarop hy vir my sê: *Nee, dis eintlik baie eenvoudig. Vir jou geloof is jy bereid om te sterf; vir jou ideologie is jy bereid om dood te maak...***

Daardie woorde bly my nou al vir 20 jaar by. Geloof vra opoffering. Selfs al kos dit jou lewe. Soms dink ek geloof was makliker voor Jesus mens geword het. Jy moes offers bring soos diere, voëls of voedsel. Na Jesus se koms is dit moeiliker: *Broers, op grond van die barmhartigheid van God roep ek julle dus nou op om julle liggame beskikbaar te stel as 'n offer wat lewend en heilig is, en vir God aanneemlik. Dit is julle sinvolle godsdiens* (Rom 12: 1, AFR2020). Ons moet dus onsself opoffer: my liggaam, my tyd, my moeite, my goed.

Met ander woorde, ek moet barmhartig wees. Nie om iets daaruit te kry nie (ideologie), maar op grond van God se barmhartigheid (geloof).

Ek is bevoorreg om voltyds in die veld van die Kerk se barmhartigheid te kan werk. In die diakonaat werk ons met die slegte in die lewe – met mense se nood en swaarkry – maar dit is juis hier waar ons die voorreg het om die liefde wat Jesus vir ons het, met ander te deel.

Die voor die hand liggendste vorm van nood is armoede. Hierdie vraagstuk is al daar vanaf die vroegste tye, en soos Jesus gesê het, sal ons die armes altyd by ons hê. Dit beteken egter nie ons moet dit maar net laat gaan nie. Ons moet juis aan hulle wat swaar kry, wat gebrek ly, iets van onsself opoffer. En presies dít is waarop die NHKA se diakonaat vanjaar fokus.

Elke drie jaar vind die Algemene Diakensvergadering plaas, en in 2016 het ons begin om dit te kombineer met die *Ubi caritas*-simposium oor Christelike barmhartigheid. Vanjaar doen ons dit egter anders. Dis nie meer 'n vergadering in Pretoria nie, maar 'n geleentheid wat vir die hele kerk – mans, vroue, kinders, predikante, diakens, ouderlinge, alle gelowiges – bedoel is. Ons bied vyf gratis webinare aan wat handel oor armoede en hoe ons sinvol kan help om mense se nood te verlig. Hierdie vyf sessies vind plaas tussen 5 en 21 April, en enigiemand kan daarby inskakel. Al wat jy moet doen, is om te registreer deur ***hier*** te klik. En as jy 'n sessie misgeloop het, kan jy dit gaan kyk op ons Plesion/Rata YouTube-kanaal deur ***hier*** te klik.

Daarmee saam is ons ook besig met die Word Warm-projek. Ons wil vir ons broers en susters wat hierdie winter koud en weerloos is, sê *Gaan heen in vrede, word warm, word versadig*, en juis vir hulle gee wat hulle nodig het. Gaan kyk gerus ***hier*** na 'n kort bekendstelling van die projek.

Die kerk, ons as gelowiges, is geroep om Christus se liefde en genade uit te deel. Ons is nie geroep om te veroordeel nie, want ons oordeel is gelyk daaraan om mense dood te maak. As ons oordeel, is ons besig met ideologie. As ons stry oor wie deel van die kerk kan wees, is ons besig met ideologie. Terwyl die kerk oor die wêreld op die oomblik gekenmerk word deur die vraag of homoseksuele persone deel van die kerk kan wees, sit ons broers en susters en bewe van die honger en koue.


Kom ons gee vir hulle dít wat hulle nodig het!

**Ds Gerhard Stoltz**
**Sekretaris: ADV**

## Lief en leed



Oom Peet Lombard




- Op Saterdag 2 April was **mev Marie Wagenaar**, weduwee van ds JPJ (Johan) Wagenaar wat in 2016 oorlede is, in 'n trompop botsing in Soutpansbergweg, Pretoria, betrokke. Sy het twee breuke in haar regterknie en 'n verdere breuk in haar regterenkel opgedoen. Sy is in die Hoësorgeenheid in Wilgers Hospitaal opgeneem, waar 'n operasie Sondag 3 April op haar uitgevoer is om haar wonde skoon te maak en infeksie te voorkom. Sy is op die oomblik stabiel en ontvang antibiotiese behandeling om infeksie af te weer. Sy gaan waarskynlik na Groenkloof Hospitaal oorgeplaas word waar 'n gespesialiseerde ortopediese operasie op haar regterbeen uitgevoer sal word. Ons bid haar baie sterkte toe.

- **Oom Peet Lombard**, pa van ds Naas Lombard (Suidoos-Witbank) en oupa van ds Retha Losper (Suidoos-Witbank en Ogies), vier op 7 April sy 90ste verjaardag. Hy is al amper 33 jaar lank ouderling in Suidoos-Witbank en nog aktief betrokke by die kerkraad en gemeentebyeenkomste. Volgens rekords is hy die oudste en langste dienende kerkraadslid in die gemeente. Baie geluk!

- Mev Arina Jooste van die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys se man, **generaal-majoor (afg) Johan Jooste**, is sedert 2013 betrokke by wetstoepassing ten opsigte van wildstropery. Die ondervinding wat hy opgedoen het rakende renosterstropery, deel hy nou in die boek ***Rhino War. A general's bold strategy in the Kruger National Park***, wat hy saam met Tony Park (bekende Australiese skrywer en Afrikakenner) geskryf het. Die boek verskyn in Julie vanjaar, maar kan nou reeds teen 'n spesiale prys bestel word van Loot, Exclusive Books en Bargain Books. Baie geluk met mooi prestasie!

- **Die volgende predikante verjaar tot 15 April, en word hartlik geluk gewens:**

| | |
|---|---|
| ○ Donderdag 7 April: | Ds FJ (Frans) Redelinghuys (65) (Sasolburg) |
| ○ Vrydag 8 April: | Di M (Marius) Bacon (60) (emeritus) en<br>J (Joha-Lize) Uys (31) (beroepafwagtend) |
| ○ Sondag 10 April: | Ds SW (Schalk) Zastron (29) (Ermelo) |
| ○ Maandag 11 April: | Ds G van R (Gys) Els (70) (emeritus) |
| ○ Dinsdag 12 April: | Ds JP (Paul) Janse van Rensburg (60) (emeritus) |
| ○ Woensdag 13 April: | Prof AJ (Alex) Antonites (79) (emeritus),<br>di CB (Nardus) Enslin (58) (Rustenburg-Kloof) en<br>GPJ (Gerrie) Grobler (78) (emeritus) |
| ○ Donderdag 14 April: | Dr PJ (Pierre) Jacobs (36) (Gaborone),<br>di JZ (Hans) Britz (55) (Standerton),<br>R (Rue) Hopley (35) (Pretoria-Oos) en<br>L (Lynette) Lötter (26) (Montana) |
| ○ Vrydag 15 April: | Ds WH (Wessel) Swart (75) (emeritus) |

## Gemeentes en bediening



Ds Antonie van Staden

- **Ds AV (Antonie) van Staden** (beroepafwagtend) het 'n beroep ontvang na die Kuruman-kombinasie. Hy het nie die beroep aanvaar nie.

- **Sondag 10 April is Palmsondag** waartydens ons die intog van Jesus in Jerusalem vier as die begin van die groot Lydensweek. Hier is drie skakels na **nuwe liedere vir Palmsondag**. Luister daarna en versprei dit ook na die gemeente voor die diens as die lied in die erediens gebruik gaan word.

  VONKK 301: **https://www.youtube.com/watch?v=dsun4ZBHTug**
  VONKK 474: **https://www.youtube.com/watch?v=Ge3aTOnEMJE**
  VONKK 501: **https://www.youtube.com/watch?v=5ziPqaXbXtk**

  **Vir Lydenstyd** is daar hierdie nuwe lied:
  VONKK 361: **https://youtu.be/olA1jUtxtFo**

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Bethal.** Die gemeente wag aansoeke in van gelegitimeerde predikante van die NHKA. Die werkruimte is sedert 31 Januarie 2022 vakant na die emigrasie van di Cobus en Mari Manders.

  **Gemeenteprofiel:** Gemeente Bethal is in 1918 gestig. Die sieletal is 458 (belydende lede 345). Die gebouekompleks bestaan uit ’n baie mooi kerkgebou, saal, kombuis en kategeselokale.

  **Leraarprofiel:** Die geskikte kandidaat se lewe getuig van ’n passievolle verhouding met God. Preke is liturgies weldeurdag, goed voorberei en getuig van Geesvervuldheid. Kinderdienste is deel van die gemeentebediening. Die leraar is persoonlik betrokke by en selfs die inisieerder van gemeentelike aktiwiteite, en betrokke by die breë gemeenskap.

  **Posbeskrywing:** Voltydse standplaas met voldoening aan alle vereistes van die amp soos in die Kerkorde omskryf. Vergoeding, reiskoste, verlof, mediese fonds en pensioen sal, met inagneming van die skale en riglyne van die Kerkorde, onderhandel word. Huisvesting is onderhandelbaar. ’n Pastorie is wel beskikbaar.

  **Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar.

  **Aansoeke: Die sluitingsdatum is 30 April 2022.** Aansoeke moet vergesel wees van ’n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van minstens twee referente insluit. Aansoeke word gestuur na die administratiewe beampte (**Bethal@nhk.co.za**) en die skriba (**lietsw@gmail.com**).

  **Vrywaring:** Die Kerkraad behou hom die reg voor om nie een van die aansoekers te beroep nie en die pos weer te adverteer.

  **Navrae:** Vir enige navrae, kontak die skriba, Lietie Swanepoel (082 771 4112).




- **Gemeente Newlands (Johannesburg)** beskik oor ’n **vakante orrelistepos** en is op soek na die dienste van ’n dinamiese orrelis. Die gemeente se orrel is ’n uitstekende instrument – om die orrel in aksie te sien, volg gerus hierdie skakel:
  **https://www.facebook.com/NHKNewlands123/videos/297136898270144**

  Bo en behalwe orrelspel tydens eredienste, sal ook van die persoon verwag word om ’n wesenlike impak en ’n skeppende bydrae te lewer tot uitbreiding van die gemeente se musiekbediening. VONKK-liedere is baie geliefd in die gemeente.

  Aansoeke, vergesel van ’n verkorte CV, moet gerig word aan die skriba, Paul Jansen, by **newlandsgemeente.skriba@gmail.com**.




## Vergaderings

- Donderdag 7 April: 9de ADV Webinaar
- Maandag 11 April: Rata Finkom 9de ADV Beplanningskomitee
- Dinsdag 12 April: 9de ADV Webinaar
- Woensdag 13 April: Rata Direksie

## Kerklike publikasies


NHKA Die Hervormer

'n Appèl sal die NHKA help om eenheid te koester en te bewaar

- In die **April 2022-uitgawe van *Die Hervormer*** verduidelik **dr André Ungerer** en **adv Joël Fourie** waarom die NHKA besluit het om teen die onlangse hofuitspaak te appelleer. **Dr Christo Pretorius** vertel van die fietstoere wat hy en sy vrou in Europa en die Wes-Kaap onderneem het. **Dr Wimpie van Schoor**, voorsitter van die Christelike Seemansorganisasie, skryf dat dit die CSO se doel is om aan elke seeman 'n Bybel in sy eie moedertaal te gee. Dit bly egter nie net 'n Bybelverspreidingsprojek nie. Inteendeel; elke evangeliebedienaar is 'n ten volle opgeleide predikant, want die seemanne moet ook pastoraal versorg en begelei word. **Ds C Johann de Bruin**, kurator van die SP Engelbrechtmuseum, vertel van die dapper Catharina Pretorius. Lees ook oor die nuwe redakteur van die *Bybelse Dagboek*, en van die teologiestudente se kontaknaweek as deel van hul Toerusting in Kerklike Bediening. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes gestuur.

- Sommige van die publikasies in die **Sinodale Boekwinkel** het met ingang van 1 Maart 'n **geringe prysstyging** ondergaan. Die prys van die huidige uitgawe van die **Diensboek (2007) is verlaag**. Bybelpryse mag verander indien die Bybelgenootskap hul pryse verhoog. Kontak mev Sarie Roux by **boekwinkel@nhk.co.za** of 012 322 8885 x3025 vir navrae hieroor.




- Die **Doop-DVD** wat 'n paar jaar gelede vanuit die Hervormde Kerk ontstaan het as 'n hulpmiddel vir doopkategese, is 'n kragtige stuk gereedskap om die gesprek oor die Doop vir voornemende doopouers oop te breek. Daar is slegs **75 eksemplare van die DVD** nog beskikbaar en dit is nou teen die afslagprys van **R50 (in plaas van R100) per DVD** te koop. Gemeentes wat van die voorraad wil aankoop, kan gerus skakel met Justine op weekdae tussen 08:00 en 13:00 by 012 460 8441.

## Studentesake

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

## Toerusting

- Die **Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB)** bied die **IMG-kursus** (Inleiding tot Missionale Gemeentewees) gratis oor 'n periode van ses weke aan. Dit sal via Zoom plaasvind, daagliks van 09:00 tot 11:00, en wel op die volgende datums:

  - Die herontdekking van God se missie: 28 Julie
  - Die herontdekking van missionaliteit in 'n veranderende wêreld: 4 Augustus
  - Die herontdekking van die missionale aard van die gemeente: 11 Augustus
  - Die herontdekking van dissipelskap: 18 Augustus
  - Die herontdekking van missionale spiritualiteit: 25 Augustus
  - Die herontdekking van missionale luister in die gemeenskap: 1 September

  Join Zoom Meeting
  **https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1plZCtjSS9ZSFY4dz09**
  Meeting ID: 942 768 9935
  Passcode: SGB

  Navrae: Dr Frikkie Labuschagne by **karen@nhk.co.za**.




## Fondsinsamelings

- **Gemeente Greylingstad: Minibasaar**
  **Saterdag 9 April**
  By die kerk in Bothastraat
  Vleis teen billike pryse
  Pannekoek, kerrie-en-rys, worsbroodjies...
  Nagereg en gebak
  Navrae: Ds Fanie Naudé 083 391 3151

- **Rata Maatskaplike Dienste**
  ***Drive for a Child*: Gholfdag Mpumalanga**
  **Woensdag 4 Mei**
  Highland Gate Golf and Trout Estate, Dullstroom
  Borge en inskrywings: Annette Lombard 083 231 8943
  **annette@rata.org.za**

- **Rata Maatskaplike Dienste**
  ***Drive for a Child*: Gholfdag Pretoria**
  **Dinsdag 23 Augustus**

Silver Lakes Country Club
Borge en inskrywings: Annelle Flanagan 064 437 5997
**info@rata.org.za**

## ’n Gedig

**’n Dagbegin**

Klankdig ligloos is die land –

maar dan,      baie omsigtig,
begin ’n lyster

die stilte uitmekaar te haal,

die donkerte los te torring,

werk hy gaandeweg voortvarender,
kom sluit
’n norring helpers by hom aan

en voor lank
bring hulle, rosigrooi soos ’n radys,
op die horison
’n spiksplinternuwe son tot stand.

**Ina Rousseau**
(Uit: *Heuningsteen*, 1980)

## Barmhartigheid

- Die **9de Algemene Diakensvergadering** vind steeds virtueel plaas. Vanjaar word die **armoedevraagstuk** in diepte behandel, en word saam gesoek na werkbare oplossings vir 2022 en verder. Rig navrae aan ds Gerhard Stoltz by **gerhard@diakens.co.za**. Die volgende sessies kan nog meegemaak word:

| | |
|---|---|
| Donderdag 7 April: | Trauma van armoede<br>(Prof Wim Dreyer en Deon Labuschagne) |
| Dinsdag 12 April: | Nuwe antwoorde in veranderende omgewings<br>(Dr Frikkie Labuschagne) |
| Dinsdag 19 April: | Sosiale entrepreneurskap en armoede<br>(Elna Esterhuizen en Barend la Grange) |
| Donderdag 21 April: | Netwerke<br>(Ds Hannes Noëth en dr André Ungerer) |
| Saterdag 23 April: | Opening, konstituering en amptelike vergadering |

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
**Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes**
Enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer
Verblyf met 3 etes ingesluit
Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
24-uur-versorging onderhandelbaar
(maksimum R8 000 per maand deelkamer)
Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
**navrae@athalia.co.za**
**www.athalia.co.za**

- **Ons Tuis Emily Hobhouse** is die ideale tuiste vir persone wat nog selfversorgend is. Tans is daar eenslaapkamereenhede te koop teen R364 348 en R377 472. Dit is in ’n gevestigde,

boomryke area met 'n lieflike berguitsig. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 of **HannelieF@otmt.org**.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



## Kommentaar

"Liewe Tessa, baie dankie vir die gebede wat jy verwerk en plaas in *Blitspos*. Elke gebed is so van toepassing op dit wat ons ervaar en beleef. Elkeen gryp my aan en ek sien so uit na die volgende een. Sterkte en seën op die wonderlike werk wat jy doen. Liefdegroete, Lenie van Zyl, Gemeente Alberton."

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

Liewe Heer,
U is ons God wat sien,
en ek weet dat U my sien.
U sien my angstige gedagtes.
U ken my pyn.
U weet hoe gedaan ek is –
fisies, emosioneel en geestelik.
Here, help my om op U te fokus
en nie op my probleme nie.
Asseblief, neem hierdie sware las weg.
Asseblief, maak my sterk.
Help my om alles waaronder ek gebuk gaan,
af te lê.
Ek gee dit alles oor aan U.
Help my om te leef met die vryheid wat U skenk.
Genees my, en help my.
Mag ek u vrede ervaar terwyl ek op U wag,
en mag ek U vertrou om u werk in my lewe te doen.
Ek vra dit alles in die Naam van Jesus.
Amen.

**facebook.com/DailyNote2YouSeries/posts/prayer-for-the-anxious-and-weary-in-jesus-christs-name**

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)




Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk